Stap 3 & 4: Beskryf die Item

Afhangende van die opsies wat jy tydens Stap 2 gekies het, sal jy nou die item moet beskryf. Beskryf so volledig moontlik.
Die belangrikste velde (*verpligtend):

Kopiereg	Wie is die kopieregeienaar?
Embargo-terme	Sleutel datum in tot wanneer toegang beperk moet word
Outeur/s	Persoon/e verantwoordelik vir die inhoud
Titel/s*	Titel/s van die werk
Publikasiedatum*	Slegs indien voorheen gepubliseer
Ekserp	'n Opsomming van die inhoud
Sleutelwoorde	Beskrywende woorde wat die inhoud beskryf
Tipe	Kies vanaf die lys
Uitgewer	Slegs indien voorheen gepubliseer

Kliek op **Next** om elke keer na die volgende skerm te beweeg.

Stap 5: Oplaai van Lêer(s)

Vind die lêer wat jy wil oplaai vanwaar dit gestoor is op jou rekenaar. Dit is opsioneel om die veld te beskryf. Kliek op **Next**.

Stap 6: Evalueer die item wat opgelaai is

Stap 7: Creative Commons-Lisensie

Jy kan 'n lisensie toeken aan jou eie werk. Indien jy nie 'n *Creative Commons*-lisensie wil toeken nie, kliek op **Next.**

Stap 8: Verspreidingslisensie

Kies "I Grant the License" en kliek op **Complete submission.** Geluk - jy het jou eerste item op SUNScholar gelaai!

Wat gebeur volgende?

Jou item sal outomaties gestuur word na 'n "Reviewer", en dan aan die "Metadata Editor". Sodra laasgenoemde die item goedgekeur het, sal dit oop wees vir die hele wêreld om te gebruik en aan te haal! Jy sal 'n e-pos ontvang dat die item wat jy opgelaai het nou beskikbaar is, asook 'n permanente webadres. Gebruik die URL om skakels te bou vanaf jou CV, webbladsy, blogs, wiki's, ens.

Ons is binne bereik ...

E-pos: scholar@sun.ac.za
Landlyn: +27(0)21 808 9139/9046
Skype: usscholar
Twitter: usscholar
Facebook: University of Stellenbosch Scholar
SUNScholar URL: http://scholar.sun.ac.za
SUNScholar Hulp: http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/SUNScholar
Nuusblog: http://blogs.sun.ac.za/sunscholar
Oop Toegang-web: http://oa.sun.ac.za

Biblioteek- en Inligtingsdiens
Library and Information Service
UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY

SUNScholar

Stellenbosch Universiteit
Oop Toegang Navorsingsbewaarplek

Oplaai van navorsing op SUNScholar

'n Kits-gids vir oplaaiers

http://scholar.sun.ac.za

Tel.: +27(0)21 808 9139/9046
E-pos: scholar@sun.ac.za

Jou navorsing meer aangehaal, veilig vir altyd!

Registreer

1. Wil jy graag 'n navorsingsitem oplaai op SUNScholar? **Teken** eers **aan** by http://scholar.sun.ac.za/ >> *Login* >> *Campus Authentication*.

2. Stuur 'n e-posversoek aan **scholar@sun.ac.za** , en dui aan binne watter versameling/s jy 'n item wil oplaai.

3. Jy sal deur die SUNScholar-span **in kennis gestel word** sodra jy die nodige regte het om op te laai binne 'n betrokke versameling.

4. Sodra jy in kennis gestel is dat die nodige regte aan jou toegeken is, kan jy **voortgaan met die oplaai** van jou item/s.

Kopiereg

Indien jy **nie jou kopiereg weggeteken het nie**, gepubliseer het in 'n **Oop Toegang-tydskrif**, of die **artikel voor publikasie** wil oplaai, kan jy **voortgaan** sonder toestemming van enigiemand.

Indien jy onseker voel oor die kopiereg, **gaan asb. voort om in elk geval die item op te laai**. Die SUNScholar-span sal dan namens jou die kopiereg ondersoek.

Vir interessantheid ...

Uitgewers (kopieregeienaars) het sekere beleide m.b.t. die oplaai van materiaal in digitale navorsingsbewaarplekke.

Normaalweg is hierdie beleide beskikbaar vanaf die SHERPA RoMEO web (http://www.sherpa.ac.uk/romeo/), of op die webbladsye van individuele uitgewers.

In die toekoms – onderhandel asb. met die uitgewer dat 'n tweede kopie van bv. 'n artikel op SUNScholar opgelaai word, of sluit die **SPARC Addendum** in (http://www.arl.org/sparc/bm~doc/Access-Reuse_Addendum.pdf) as deel van die ooreenkoms met die uitgewer in wanneer jy publiseer, **of** gebruik ***The Scholar's Copyright Addendum Engine (SCAE)*** om 'n PDF-vorm te genereer wat jy aan die uitgewer se kopieregooreenkoms kan heg om te verseker dat jy sekere regte behou: http://scholars.sciencecommons.org/

Lêer-benoeming

Ken asb. 'n logiese naam toe aan die voltekslêer voor oplaai

- Vermy spasies in lêername. Gebruik 'n koppelteken of ondersteep.
- Gebruik te alle tye kleinletters.
- Die lêernaam kan die eienaar se van, kort titel, weergawe-nommer, en jaar van publikasie insluit, gevolg deur die lêer-formaat, bv. smith_titel_weergawe_1.0_2010.pdf
- Hou die lêer-naam so kort moontlik.
- Vermy spesiale karakters bv. ~. "
- Gebruik logiese lêername.
- Gebruik slegs alfabetiese letters of nommers.
- Gebruik nommers waar numeriese volgorde belangrik is, bv. 01title.pdf, 02chapter1.pdf, etc.

Lêer-formate

Jy kan een lêer in soveel verskillende formate oplaai as wat jy goeddink, maar een daarvan moet minstens 'n oop formaat wees.

Laai alle teks-lêers op in **pdf-formaat**.

Beskryf die item so volledig moontlik om dit meer **sig-baar** en **herwinbaar** te maak, bv. vir **Google!**

Begin oplaai

Stap 1: Teken aan

1. Gaan na: http://scholar.sun.ac.za/
2. Onder **My Account**, kliek op **Login**.
3. Kliek op **Campus Authentication**.
4. Tik die volgende in: **Username** en **Password**, en kliek op **Sign in**.
5. Onder **My Account**, kliek op **Submissions**.
6. Kliek op **start a new submission**.
7. **Kies** die **versameling** waarbinne jy wil oplaai, en kliek op **Next**.

Stap 2: Aanvanklike vrae

Selekteer enige van die beskikbare opsies. Dui aan of die item meer as een titel het, en of dit voorheen gepubliseer is. Kliek **Next**.